



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld

8 November 2020

Romeine 1:16-17

*Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."*

## Vanoggend se erediens

Die erediens word gelei deur ds Errol Sheppard. Hy is Jean Sheppard se pa. Hy gaan ook Jean en Ancois se seun Evan doop. Welkom by ons, ds Errol. Ons bid dat die Here deur jou aan die woord sal kom in die sakrament en Woordverkondiging.

Baie geluk ook aan Jean en Ancois. Mag elke treetjie van hom geseën word en hy nog baie vreugde vir julle en die familie bring.

Skrifgedeelte: Handeling 13:32-39 & Romeine 1:16-17

Tema: Die doop: 'n aanskouingsles van God se genade



## Program vir die week

### Vandag

- Erediens (doop) om 9:30 in die kerk olv ds Errol Sheppard.
- Deuroffer: Bedieningsbegeleiding

### Maandag


- Gebedsaksie om 16:00 by die gebedshuis.

### Woensdag

- Die Vrouediens Afsluiting wat vandag sou plaasvind, is gekanselleer agv Covid-19.

### Volgende Sondag: Nagmaal

- Erediens om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom.
- Biddag vir Beskermingsdienste
- Deuroffer: Bearbeiding van Gevangenes.



### Kerkraadsverkiezing

Die kerkraad het verlede Dinsdag die volgende persone verkies:

Leier-ouderling: Danie Jacobs

Wyksouderlinge: Fanie Ward, Daleen Krige, Albertus du Preez, Hubart J van Rensburg.

Wyksdiakens: Anri Strauss, Leana Hugo, Welmé du Preez, Hester de Jager en Arno Bouwer.

Baie geluk! Mag die Here julle duidelik lei in julle besluit.

Ons vra ook die gemeente se voorbidding vir hierdie manne en vroue asb.

## Biddende Hande

*En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees, en Ek in hulle. (Joh 17:26 -53 V)*

Sake vir gebed:

- Dank die Here vir die wonderlike reën van die afgelope tyd.
- Bid vir die persone wat verkies is om op die kerkraad te dien.
- Bid vir Janine van Jaarsveld, wat 'n groot operasie ondergaan het.
- Bid vir die matrieks wat Donderdag met hulle eindeksamen begin het.



*O God, ons sou U nooit geken het nie en nooit kan aanbid nie,*

*as U U nie aan ons wil openbaar in die lig van die evangelie nie.*

*Voltooi nou die groot werk wat U begin het.*

*Gee ons 'n hart wat die waarheid kan verstaan wat U aan ons geopenbaar wil hê.*

*U Gees is liefde soos Uself liefde is.*

*Giet die Gees uit oor die hele wêreld; laat U heilige vlam brand op alle plekke;*

*trek alle harte tot U;*

*maak alle siele tot een siel in gemeenskaplike liefde en aanbidding en oorgawe.*

*Ons sal alles verstaan, o Here, wanneer ons U volkome kan liefhê;*

*dan sal ons ons verheug in die klaarheid wat nie die vrug is van 'n moeisame gedagte nie.*

*Dan sal ons volkome insien dat U vir ons 'n boodskap van liefde en vrede gestuur het*

*en ons koue sal verander word in 'n lewendwekkende geloof.*

*Gee ons dit. AMEN*

*(A Vinet)*

As jy enige gebedsversoek het, stuur dit asb vir Lullu by 083 309 7277.



### Kerssangdiens

Ons sou op 22 November in die aand 'n Kerssangdiens gehad het. Covid-19 het ons

## Allerlei

egter gepootjie. Ons gaan wel die oggend om 09:30 ons Kerssangdiens hou met Skriflesings en gemeentesang. Maak seker jy kom en gaan die Kersseisoen op 'n hoogtepunt binne.

### Bankinbetalings

Die maklikste en veiligste manier om betalings te doen, is deur direkte elektroniese oorbetalings. Dankie aan elkeen wat dit so doen, en vir julle volgehoue ondersteuning.

Lizane Odendal, wat die kerk se boeke doen, vra asb dat jy duidelike verwysings sal gebruik wanneer jy geld in ons bankrekening inbetaal, bv. vrouediens, kollektes, maandelikse dankoffers, Tiende Maand ens., om sodoende die teboekstelling te vergemaklik. By voorbaat baie dankie.

Die bankrekening se besonderhede is agterop die nuusbrief.



## leef biddend • dien ander • reik uit

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk aan julle!

Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees.

8 Nov Dewald van der Berg, Kobus van der Westhuizen

9 Nov Lottie Bouwer, Alid Hugo

10 Nov Buks Neethling, Johan Strydom

11 Nov Anna van der Linde (86)

12 Nov Hannelie Fraser, Leana Hugo, Ruan Watt

13 Nov Marnus Nel

14 Nov Hannelie Van Zyl



### Huweliksherdenkings

12 Nov Dewald & Karen van der Berg (9j)



### Nuwe lidmate

Ons verwelkom graag die volgende nuwe gemeentelêde:

Fanie en Laetitia Van der Watt, hulle dogter, Mininke en seun Stefan.

Mag julle baie gou tuis voel hier by ons en baie gelukkig wees.

Hulle vorm deel van Swartkoppies wyk met Attie van Jaarsveld (snr) as Ouderling en Poenie Badenhorst as Diaken.

### Dankie :)

Elmien Thom skryf:

*Liewe gemeente*

*Dit het bietjie dol gegaan die afgelope twee weke sedert my groot verjaarsdag ... Weet nie of ek ook dalk bietjie stadiger beweeg op my ouderdom nie ...*

*Hiermee sê ek graag baie baie dankie eerstens vir die lieflike blomme wat sowaar al twee weke lank vreugde gee, en ook vir die stewige kovertjie met baie mooi en opregte wense van die Vrouebediening en kerkraad se kant.*

*Verder ook baie baie dankie vir almal se persoonlike wense, boodskappe, oproepe, geskenke en besoekies - met die korrekte afstand. Dit was 'n heerlike verjaarsdag. As net 'n deel van al die goeie wense en gebede waar word, gaan ek 'n pragtige jaar hê.*

*Ek (en Jaco) waardeer julle meer as wat ons in woorde kan sê. Ons staan nog elke dag verwonderd dat die Here ons en Petrusburg vir mekaar uitgesoek en voorberei het, en dat ons Hom hier, saam met julle, mag dien. 2020 was vreemd, ja. Maar ons is almal nog steeds in die Here se Hand. Hiervoor is ons diep dankbaar, en diep gelukkig in jul midde. So die Here wil, wanneer die dominee die groot verjaardag oor twee jaar vier, dan vier ons!*

## Vrouebedieningsake

Uit die Bestuursvergadering gehou op 21 Oktober.

### 1. Koekieprojek

Ons gee jaarliks 'n pakkie koekies aan bejaardes in ons gemeente en Ons Woning. Ons vra weer u goedgeunstige samewerking hierdie jaar om droë koekies te skenk vir hierdie projek. Alle koekies moet asb voor 17 November by die Kerkkantoor ingehandig word.

### 2. Gebreide Poppies

Indien daar dames is wat die afgelope jaar/tyd poppies gebrei het, sal ons dit waardeer indien u die poppies voltooid by die Kerkkantoor sal inhandig voor of op 17 November. As daar genoeg poppies beskikbaar is, beplan ons om die poppies saam met die koekies aan bejaardes te skenk. Daar is nog 'n paar weke tyd om vinnig 'n paar poppies te brei!

### 3. Vrouebedieningsafsluiting

Weens die inperkingsmaatreëls sal daar nie hierdie jaar 'n afsluitingsfunksie gehou word nie.

### 4. Kerssangdiens

Die Kerssangdiens sal hierdie jaar DV tydens die oggenddiens plaasvind. Dit gaan 'n eenvoudige sangdiens wees – geen koorsang of Kersspel nie.

### 5. Verversings na die Erediens

Verversings sal weer vanaf 31 Januarie 2021 na afloop van die Erediens verskaf word; verdere reëlings volg later.

---

<u>Leraars:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		<u>facebook</u> <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		